

Hoofstuk van die dag: Matteus 12

> *Die Seun van die Mens is immers Here van die Sabbat. (vers 8, 2020-vertaling)*

Deur verskillende uitsprake in hierdie hoofstuk gee Jesus duidelik te kenne wie Hy is. Hy is Here van die Sabbat (vers

8); Hy is meer as Jona (vers 41); Hy is groter as Salomo (vers 42).
Die feit dat die Fariseërs Hom ten spyte hiervan uit die weg wou ruim (vers 14), wys hoe verblind die mens kan wees wat vasgevang is in sy eie grootheidswaan. Jesus het nie ingepas in hulle verwagtinge nie, en nie gedoen soos hulle geglo het reg is nie, en daarom is Hy, wat hulle betref, ’n vals profeet en godslasteraar.
Dis gevaarlik om God in jóú verstaansboksie in te beur, want dan gaan jy dieselfde pad loop as die Fariseërs. As jy egter jouself oopstel vir God se grootheid en Hom toelaat om jou te verras, maak Jesus se aansprake volledig sin, en bring dit ’n geborgenheid in jou lewe in. Hy is immers die Here. Dis Hy wat jou vashou en lei en vir elke dag voorsien.
Word stil en dink oor Jesus se aansprake. Eer Hom dan vir wie Hy is, en lig jou kop op en leef voluit vir Hom.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026